Aanvangswoord
V: Die Here het opgestaan.
G: *Die Here het waarlik opgestaan.*
A: Halleluja!

Seëngroet

Die Opgestane Here groet ons: "Vrede vir julle!"

Loflied – 415:1-3

1. Jesus leef, en ons met Hom!
Dood, wie sou vir jou nog bewe?
Jesus lewe en daarom
wek Hy ons tot nuwe lewe.
Laat ons dan die dood nie vrees -
Hy laat ons oorwinnaars wees!

2. Jesus leef - verheerlik Hom!
Kyk, geen graf hou Hom gevange.
Jesus leef - en ek met Hom:
weg is nou die dood se angel.
Nuut sluit Hy die toekoms oop.
Hy gee my 'n vaste hoop.

3. Jesus leef, en maak die dood
nou vir my die poort tot lewe.
Hy, oorwinnaar, ewig, groot,
sal getrou my nooit begewe.
Word my aardse huis gesloop -
Hy is Lewe; Hy is Hoop!

Vredesgroet

GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL

Gebed om die opening van die Woord

Skriflesing – Johannes 20
Boodskap

SAAM MET GOD AAN TAFEL

Nagmaalsformulier
Lied met gereedmaak van die tafel: 421:1, 3

1. Die Here Jesus lewe, Hy het die dood oorwin.
Met krag is Hy oorwinnaar: Ons toekoms het begin.
Hy gee ons hoop en vrede, ons kan weer voorwaarts gaan,
want Jesus is ons Here, Hy't klaar ons weg gebaan.

3. Die Here Jesus lewe, Hy kom ons eendag haal.
Hy sal ons dan laat aansit by sy Messiasmaal.
Kom, laat ons Hom verheerlik, sy liefde nou besing,
en, saam met als wat lewe, aan Hom ons hulde bring.

Geloofsbelydenis: Lied 260:2, 4, 10

2. Ek glo vas in Jesus Christus, eengebore Seun van God,
deur wie alles is geskape, Woord by God en self ook God.
Ek vereer Hom soos die Vader, buig my dankbaar voor Hom neer, wat my vrygekoop, verlos het
Hom erken ek as my Heer.

4. Op die derde dag het Jesus uit die dood uit opgestaan,
deur sy sterwe en sy lewe dood en graf en hel verslaan.
Na die hoogste hemel het Hy tot die Vader opgevaar;
aan Gods regterhand in ere, voer Hy heerskappy van daar.

10. En ek glo daar wag 'n lewe ewig, heerlik, sondevry.
Jesus, wat vooruitgegaan het, het ons plek reeds voorberei.
Doderyk, waar's jou oorwinning? Dood en sonde, waar jul mag?
Ewig in die vaderwoning leef ons sonder dag of nag!

Tafelgebed
Musiek: "He shall feed his flock" (Messias), terwyl die brood en wyn uitgedeel word
Nagmaalsviering
Dankgebed: Lied 417:1-2

1. Jesus, ons eer U, opgestane Heer.
Lewensvors en Koning, U het triomfeer!
Hoe was U verneder, hoe het U gely;
hoe is U verheerlik! U voer heerskappy.
Jesus, ons eer U, opgestane Heer.
Lewensvors en Koning,
U het triomfeer!

2. Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
omdat U oorwin het, sal ons triomfeer!
Hoe was ons gebonde, hoe was ons verkneg.
U bevry tot lewe, baan vir ons die weg.
Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
nou het ons 'n toekoms: lewe by ons Heer!

Opsteek van kerse by die Christuskers

Offergawes

GOD STUUR ONS...

Slotlied – In Christ alone (K Getty & S Townsend)

1. In Christ alone my hope is found, He is my Light, my Strength, my Song;
This Cornerstone, this Solid Ground, firm through the fiercest drought and storm.
What heights of love, what depths of peace, when fears are stilled, when strivings cease!
My Comforter, my All in all, here in the love of Christ I stand.

2. In Christ alone, who took on flesh, fullness of God in helpless babe!
This gift of love and righteousness, scorned by the ones He came to save:
Till on that cross as Jesus died, the wrath of God was satisfied.
For every sin on Him was laid; here in the death of Christ I live.

3. There in the ground His body lay, Light of the world by darkness slain;
Then bursting forth in glorious day, up from the grave He rose again!
And as He stands in victory, sin's curse has lost its grip on me;
For I am His and He is mine- bought with the precious blood of Christ.

4. No guilt in life, no fear in death- this is the power of Christ in me;
From life's first cry to final breath, Jesus commands my destiny.
No power of hell, no scheme of man, can ever pluck me from His hand;
Till He returns or calls me home, here in the pow'r of Christ I'll stand.

Seëngroet

Amen - Lied 314 [x2].
The Old Rugged Cross – (Rev G Bennard) terwyl die gemeente die kerk verlaat.

EREDIENS

08 April 2012
Ned. Geref. Gemeente Pinelands
Paasfees

GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM

Verwelkoming en Bulletin
Aansteek van die Christuskers
Aanvangslied – 409:1-3

1. Hoor jy die Paasfeesklokke?
Hul lui van vroegdag af;
hul jubel oor die wêreld:
Die Heer is uit die graf!
Hy, Christus, die oorwinnaar,
is uit die donker uit!
Die Heer, die sleuteldraer,
sal ook my graf ontsluit.

2. Hoor jy die Paasfeesklokke?
Die Heer het opgestaan!
Hy het vir al ons sonde
Hom aan die kruis laat slaan.
In Hom is nuwe lewe,
sy graf is leeg en oop.
Hy gaan ons voor - verheerlik -
en ons kan op Hom hoop!

3. Hoor jy die Paasfeesklokke?
Die Heer voer heerskappy -
Hy heers oor alle dinge,
sy bloed het ons bevry.
Ons sal met Jesus opstaan,
die lewenskroon verkry.
Ons hoor die Paasfeesklokke
wat oor die wêreld lui.